Oplossingsgerigte Praktyke as bedieningshulp vir gemeenteleiers

Hierdie artikel is meer 'n persoonlike getuienis vanuit my praktykervaring as 'n wetenskaplik verantwoorde studie. Oplossingsgerigte Praktyke (Solution-Focused Practices) is nie die antwoord van alle antwoorde vir die uitdagings waarmee gemeenteleiers elke dag stoei nie. Dit het egter myns insiens 'n geweldige bydrae om te lewer omdat dit 'n positiewe impak kan hê op die totale bediening van gemeenteleiers. Die bedoeling van hierdie artikel is dan om aan te dui hoe wyd die impak van Oplossingsgerigte Praktyke (hierna afgekort tot OGP) op die gemeentebediening kan wees. Oor die agtergrond en benadering van Oplossingsgerigte Praktyke kan u meer lees by http://www.agosolf.co.za/docs/What_is_SFP.pdf en by http://www.agosolf.co.za/docs/Artikel-OGP_Berading.pdf.

Kommunikasie

Effektiewe kommunikasie vaardighede is grondliggend vir effektiewe leierskap in al sy fasette. Leierskap staan en val by goeie kommunikasie. Oplossingsgerigte Praktyke is in sy wese 'n benadering tot die fassilitering van kommunikasie en veral met die post-moderne mens van ons dag. Dit is 'n benadering wat meer vrae vra as wat dit iets te sê het. Dit bevorder dialoog en is gestruktureer om met groot respek vir die ander se menswees saam op 'n ontdekkingstog na oplossings en antwoorde te gaan. OGP is 'n kommunikasie strategie wat samewerking wil stimuleer deur saam dink, saam beplan en saam doen. Vaardighede soos aktiewe luister, die aansluiting by ander se woorde en denkparadigmas, soos herformulering om nuwe perspektiewe te open, soos die samevatting van gedagtes en ooreenkomste en soos die gee van opregte komplimente word ontwikkel. Kommunikasiegewys het dit die impak dat ander voel hulle word gehoor en waardeer. Wedersydse respek, verstaan en samewerking kom tot stand. In my eie bediening het dit verreikende en verrykende gevolge gehad vir selfs 'n moeilike kommunikasiemedium soos die prediking. OGP het verder ook 'n positiewe invloed op die aanbieding van toerusting in my bediening.

Leierskap

Oplossingsgerigte Praktyke het sy ontstaan in 'n terapeutiese benadering gehad wat spoedig uitgebrei het tot 'n leierskaps- en organisatoriese bestuursbenadering in die korporatiewe wêreld. In die afgelope twintig jaar het dit groot veld gewen as 'n benadering tot die ontwikkeling van leierskap, spanwerk, projekbestuur, strategiese beplanning, prestasiebeoordeling en vele meer. Die lys van toepassings is amper onoorsigtelik lank. Talle groot maatskappye soos byvoorbeeld Lufthansa, Bayer CropScience, British Sky Broadcasting, Toyota Motor, om maar net 'n paar bekende name te noem, maak vandag gebruik van OGP coaches en konsultante.

Binne die gemeentebediening pas dit baie goed in by ons teologiese siening van die leier as diensleier en die gemeenteleier as leier onder leiers. OGP sien leierskap as *"leading from behind"* vanuit uit 'n houding van nie-altyd-weet-nie, nie-alles-weet-nie en nie-altyd-die-ekspert-nie. Dit

bied ‘n hele aantal stukke gereedskap aan gemeenteleiers om saam met hulle gemeente sinvol opweg te gaan na die toekoms te midde van voordurende verandering om ons.

Binne my eie ervaringsveld het ek ontdek hoedat die Here Gees OGP gebruik het:

- *Ontsluiting van die amp van die gelowige:* In Januarie 2009 het ek ‘n proses met Carletonville gemeente gevolg versprei oor ses aande teen negentig minute per sessie rondom die sentrale vraag: Waarheen is God oppad met hierdie gemeente in 2009? Ek het hierdie proses gefasiliteer sonder om enige insette ten opsigte van ‘n moontlike antwoord te lewer. Ek het alleen die vraag geformuleer en die gemeente begelei om tot ‘n eie antwoord te kom. Reeds gedurende die fasilitering was ons verstom oor wat gebeur. ‘n Ongekende hoeveelheid energie het losgekom. Lidmate het ‘n “ons” gevoel ontwikkel wat ingesluit het “ons kan” en “ons wil.” Hulle het ‘n gedetaileerde prentjie ontwikkel van wat God vir hulle wil en het ‘n eerste klein stappie geneem om nader aan God se prentjie vir die gemeente te kom, nl. om die aantal kleingroepe in die gemeente binne ses maande te verdubbel. Die lidmate het self die inisiatief hierin geneem en die doelwit reeds binne vyf maande bereik. Die verstommende is dat hierdie hulle keuse was uit ‘n baie groot aantal moontlikhede wat hulle geïdentifiseer het. Ten spyte van die enkel fokus op kleingroepe het ‘n klomp ander kleiner stappe ook gerealiseer en het daar groei op talle ander tereine in die gemeente ontstaan. Die gemeente basaar byvoorbeeld het ‘n rekord inkomste gelewer maar belangriker nog is dat 80% van die gemeente op een of ander wyse daarby betrokke was. ‘n Tweede hoogs suksesvolle fondsinsamelingsgeleentheid is in dieselfde vyf maande periode geloots en georganiseer sonder die teenwoordigheid van die leraar. In hierdie vyf maande periode het die erediensbywoning en maandelikse dankoffers gestyg en het groter betrokkenheid by die uitreikaksies van die gemeente ontstaan. Hierdie gemeente wat swaar getref is deur die transformasie prosesse in die land en wat gekrimp het van 1 300 lidmate tot 380 oor die afgelope tien jaar, het die gevoel dat hulle ‘n sinkende skip is, afgeskud en ‘n nuwe identiteit van hoop gekry. Die uitdaging sal nou wees om hierdie momentum behoue te laat bly en dit selfs te versterk.
- *Bemagtiging van lidmate:* Bogenoemde voorbeelde is tegelykertyd ‘n aanduiding van die bemagtiging van lidmate wat plaasgevind het deur die benadering van OGP te volg. Deurdat gefokus is op sterkpunte eerder as swakpunte en op oplossings eerder as die analiese van probleme en daar gekyk is na die toekoms eerder as die verlede, het lidmate hulle eie potensiaal in Christus ontdek en ontwikkel.
- *Strategiese beplanning:* In die proses met die gemeente gevolg, is gebruik gemaak van tipiese OGP instrumente. Dit het ingesluit die ontwikkeling van ‘n toekomprentjie in fyn besonderhede, die bepaling waar die gemeente tans staan ten opsigte van die verlangde toekoms, ‘n fokus op die dinge wat reeds werk in die rigting van die toekoms en die identifiseer en inisiëer van hoogstens ‘n eerste klein stappie in die rigting van die toekoms. Hierdeur het ‘n proses op gang gekom wat met gereelde kleiner intervensies net groter momentum kan opbou.
- *Konflikbestuur:* Die OGP benadering tot oplossings het ook ‘n definitiewe invloed op konflikbestuur in die gemeente gehad. Konflik tussen leiers aan die eenkant en tussen leiers en die gemeente aan die ander kant is met die tegnieke van OGP suksesvol aangespreek en tot volhoubare oplossings begelei. Spanwerk in die gemeente is merkbaar gestimuleer. OGP bied geweldige potensiaal vir die kerk wat ongelukkig deur baie innerlike en uiterlike konflikte

gekniehalter word. Ons is oortuig dat OGP ook iets te sê het vir die kerklike ideale van supervisie en mentorskap.

- *Gemeentegroei:* Daar het die afgelope sewe maande ook gemeentegroei plaasgevind. Behalwe die 380 lidmate op die gemeenteregister is daar tans 42 persone wat in ‘n mindere of meerdere mate gereeld inskakel by gemeente aktiwiteite. Hierdie persone het van te vore nie elders aktief ingeskakel nie.

Berading

Frank Thomas en Jack Cockburn in hulle boek *Competency Based Counselling* (1998 Minneapolis: Fortress Press) haal navorsing aan wat sê dat 42% van mense wat emosionele hulp soek, hulle eerste tot predikante wend. Meer as helfte van die mense wat in ‘n ondersoek gevra is na wie hulle hul sal wend as hulle emosionele hulp nodig het, het aangedui dat dit ‘n predikant sal wees. Hulle gevolgtrekking is dat geordende gemeenteleiers net soveel as ander geestelike gesondheidsverskaffers uitgesoek word om hulp te verleen met selfs ergere geestelike en emosionele probleme. Hulle is oortuig dat OGP ‘n handige benadering is vir gemeenteleiers om die diverse uitdagings waarmee pastors te doen het, te hanteer. Ander navorsing soos die van Dr. Alasdair Macdonald (http://www.solutionsdoc.co.uk/index.html) toon bowendien aan dat OGP as ‘n beradingsbenadering op sy minste so effektief is as ander terapeutiese modelle op die mark en ‘n volhoubare positiewe impak bewerkstellig oor ‘n veel korter periode as ander modelle.

Uit my eie ervaring kan ek bevestig dat OGP ‘n wonderlike verskil in my berading van lidmate en nie-lidmate gemaak het. Mense word oor ‘n veel korter periode, gemiddeld vier gespreksessies, effektief gehelp. Die oplossings wat hulle vir hul probleme vind is volhoubaar. Op die koop toe leer hulle dikwels onbewustelik hoe om self ander lewensprobleme op te los. As gemeentelike berader hou OGP ook vir my persoonlike voordele in. Nie net ondervind ek dat ek mense werklik kan help nie, ek vind ook dat ek meer tyd tot my beskikking het om meer mense te help. Berading is baie minder stresvol want ek hoef nie al die antwoorde te verskaf op lidmate se probleme nie. Ek beskik nou oor gereedskap om mense te help om hulle self te help. Die oomblik wanneer ek die gevoel kry dat ek harder as die lidmaat werk aan ‘n oplossing, weet ek dat ek nie langer op koers met OGP is nie. Ek beleef ook nie langer die frustrasie dat goeie ”advies” in die wind geslaan word nie. Eintlik gee ek selde advies maar begelei net ‘n proses waardeur mense hulle eie oplossings vind. Daar is nie langer sprake van die probleem van sogenaamde weerstand teen die berader nie.

Slotopmerking

Vanuit my opleiding, navorsing en praktykervaring is ek daarvan oortuig dat die Kerk ‘n baie handige bedieningshulp in Oplossingsgerigte Praktyke sal vind. Meer gemeenteleiers behoort dit te ondersoek om dit dan in die praktyk te gaan toets.